LIBRARY

DIE PROVINSIE TRANSVAAL.
Buitengewone Offisiele Koerant
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)
PRYS: S.A. 10c — OORSEE 15c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette Extraordinary
(Registered at the Post Office as a Newspaper)
PRICE: S.A. 10c — OVERSEAS 15c

VOL. 213 PRETORIA, 26 FEBRUARIE / 26 FEBRUARY, 1971 3499

No. 267 (Administrateurs-), 1971.

PROVINSIALE RAAD VAN TRANSVAAL: TUSSENVERKIESINGS.

PROKLAMASIE

deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal.

Nademaal ek daarvan in kennis gestel is dat vakatures ontstaan het in die verteenwoordiging van die kiesafdelings Noordrand, Potgietersrus en Witbank, in die Provinsiale Raad van Transvaal, weens die verkiesing van onderskeidelik Gert Thomas du Preez, Johannes Christoffel van Rooyen en Izak Zirk Lombard op 16 November 1970 tot die Senaat van die Republiek van Suid-Afrika; en

Nademaal dit wenslik geag word dat die vakatures in die verteenwoordiging in die Provinsiale Raad ten opsigte van vermelde kiesafdelings aangevul word;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel 88, gelees met artikels 34 en 35 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), soos gewysig, hierby verklaar dat vakatures bestaan in die verteenwoordiging van die kiesafdelings hierbo genoem in die Provinsiale Raad van Transvaal en hierby verklaar —

(1) dat Woensdag, die tiende dag van Maart 1971, vasgestel is as die dag waarop die nominasiehowe sitting sal hou om nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing as Provinsiale Raadslede vir die kiesafdelings hierbo vermeld;
(2) dat die plekke beskryf in die tweede kolom van die Bylae hiervan die plekke is waar voormelde nominasiehowe sitting moet hou vir sodanige afdelings;
(3) dat genoemde nominasiehowe sitting moet hou om tienuur in die voormiddag van voormelde dag;
(4) dat, ingeval 'n stemming nodig word in voormelde kiesafdelings deurdat meer as een persoon wettig genomineer is by die sluiting van die sitting van elk van voormelde nominasiehowe vir sodanige afdelings, die stemming op Woensdag, die een-en-twintigste dag van April 1971, moet plaasvind, om sewe-uur in die voormiddag moet begin en om nege-uur in die aand van genoemde dag moet sluit; en
(5) dat die persone genoem in die derde kolom van die Bylae hiervan, die kiesbeamptes is en hierby as sodanig benoem word, by die verkiesing in die kiesafdelings waarvan die name in die eerste kolom van gemelde Bylae teenoor die beskrywings of name van sodanige persone voorkom.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 4de dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Een-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
P.R. 4—6—3.

No. 267 (Administrator's), 1971.

PROVINCIAL COUNCIL OF TRANSVAAL: BY-ELECTIONS.

PROCLAMATION

by the Honourable the Administrator of the Province Transvaal.

Whereas I have been notified that vacancies have occurred in the representation of the Electoral Divisions of North Rand, Potgietersrus and Witbank, in the Provincial Council of Transvaal, on account of the election of respectively Gert Thomas du Preez, Johannes Christoffel van Rooyen and Izak Zirk Lombard on the 16th November, 1970, to the Senate of the Republic of South Africa; and

Whereas it is deemed desirable that the vacancies in the representation in the Provincial Council of the said electoral divisions be filled;

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by section 88, read with sections 34 and 35 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), as amended, I hereby declare that vacancies exist in the representation of the above-mentioned electoral divisions in the Provincial Council of Transvaal and I hereby declare —

(1) that Wednesday, the tenth day of March 1971, shall be the day on which the nomination courts shall sit to receive nominations of candidates for election as members of the Provincial Council for the electoral divisions mentioned above;
(2) that the places described in the second column of the Schedule hereto shall be the places at which the nomination courts shall sit as aforesaid for such divisions;
(3) that the said nomination courts shall sit at ten o'clock in the forenoon of the aforesaid day;
(4) that if a poll becomes necessary in the electoral divisions aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of each of the said nomination courts for such divisions, the poll shall be taken on Wednesday, the twenty-first day of April 1971, and shall commence at seven o'clock in the forenoon and close at nine o'clock in the evening of the said day; and
(5) that the persons mentioned in the third column of the Schedule hereto shall be and is hereby appointed to be the returning officers at the election in the electoral divisions, the names of which appear in the first column of the said Schedule opposite the descriptions or names of such persons.

Given under my Hand at Pretoria on this 4th day of February, One thousand Nine hundred and Seventy-one.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
P.R. 4—6—3.

MENIKO

BYLAE.

Kiesafdeling	*Plek van Nominasiehof*	*Kiesbeampte*
Noordrand	Kamer 100, Nuwe Staatsgebou, Hoek van Harrisson- en Pleinstraat, Johannesburg.	Mnr. D. J. Vermeulen, Administratiewe Beampte, P/a Privaatsak 11, Johannesburg.
Potgietersrus	Kamer 20, Siviele Hofsaal, Landdroskantoor, Potgietersrus.	Die Landdros, Potgietersrus.
Witbank	„B" Hofsaal, Landdroskantoor, Witbank.	Mnr. G. D. Cason, Addisionele Landdros, Witbank.

SCHEDULE.

Electoral division	*Place of nomination court*	*Returning officer*
North Rand	Room 100, New Government Building, Cor. of Harrisson and Plein Streets, Johannesburg.	Mr. D. J. Vermeulen, Administrative Officer, Private Bag 11, Johannesburg.
Potgietersrus	Room 20, Civil Court Room, Magistrate's Office, Potgietersrus.	The Magistrate, Potgietersrus.
Witbank	"B" Court Room, Magistrate's Office, Witbank.	Mr. G. D. Cason, Additional Magistrate, Witbank.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta., deur Hoofstadpers Beperk, Posbus 422, Pretoria.

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta., by Hoofstadpers Beperk, P.O. Box 422, Pretoria.